Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 10: *Miketz* (מקץ) – Aan die Einde

Dit het gebeur dat Farao twee jaar later gedroom het: let op, hy staan by die rivier. Gen. 41:1[1]

Torah : Gen. 41:1 tot 44:17

Haftorah: 1 Kon. 3:15 tot 4:1

Nuwe Verbond: Matt. 7:2; Luk. 4:16 tot 31

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 10 wat afgelaai kan word by: Parashah10Notas14; Parashah10Notas15 en Parashah10Notas.16.

The twister, the Liar and deceiver, hides Truth in the most obvious places, and even out in plain sight. But, it takes the Presence of the Spirit of Yahuwah to open one's eyes to see it clearly. Such is the mystery of fantasy – it is illusionary – sentimentally playing on the mind and emotions – yet all the while working like a deadly intruder to kill, steal, and destroy – Yedidah.

Torah Bespreking

Hersiening

Die vorige Torahskriflesing het geëindig met die woorde: *En die voorman van die skinkers het nie aan Josef gedink nie, maar hom vergeet* (Gen. 40:23). Vir twee jaar lank het die voorman van die skinkers van Josef se versoek vergeet om hom te onthou en hom 'n guns by Farao te bewys (Gen. 40:14). Daarom is die openingswoorde en betekenis van *Miketz*: *Na verloop van twee volle jare*...of anders gestel: *Aan die einde van twee jaar*.

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Hierdie week se Torahskriflesing is ‘n voortsetting van die geskiedenis van Josef en van die gebeure twee jaar nadat die voorman van die skinkers in sy pos herstel was en die voorman van die bakkers tereggestel was. Beide wie se drome deur Josef uitgelê was en bewaarheid geword het.

In Gen. 40:14 en 15 het ons gelees van Josef se versoek aan die skinker:

Onthou my egter wanneer dit met jou goed gaan en bewys my asseblief ’n guns en praat van my by Farao en bring my uit hierdie huis uit, want waarlik, ek is gesteel uit die land van die Hebreërs en ek het hier ook niks gedoen waarvoor hulle my in die tronk gesit het nie.

Was Josef se vertroue in YHVH na sowat 10 jaar in die gevangenis besig om te kwyn? Het Josef op hierdie stadium van sy lewe begin om sy vertroue in mense te stel? Was dit die wil van YHVH dat Josef vir nog twee jaar in die gevangenis moes deurbring? Het ons nie almal baie vrae in die tye van beproewinge en wanneer ons gebede nie verhoor word nie? Wanneer moet ons tot aksie oorgaan en iets aan ons omstandighede doen, en wanneer moet ons net wag op YHVH om ons gebede te verhoor en ons te bevry van ons negatiewe omstandighede?

Die volgende verduideliking van David Wilkerson bied moontlike antwoorde:

Prayer And Obedience.

We sometimes go to God in prayer as if He were a rich relative who will support us and give us all we beg for, while we lift not even a hand to help. We lift our hands to God in prayer, and then put them in our pockets.

We expect our prayers to get God to working for us while we sit idly by, thinking to ourselves, "He has all the power; I have none, so I will simply stand still and let Him do the work."

It sounds like good theology, but it is not. God will have no idle beggars at His door. He will not even allow us to be charitable to those on earth who refuse to work.

"We commanded you, that if any would not work, neither should he eat" (2 Thessalonians 3:10).

There is nothing unscriptural about adding sweat to our tears.

Take, for example, the matter of praying for victory over a secret lust that lingers in the heart. Do you simply ask God to take it away miraculously, then sit by, hoping it will die on its own? No sin has ever been slain in the heart without the cooperation of man's own hand, as in the case of Joshua. All night long, he lay prostrated and mourning over Israel's defeat. God set him on his feet saying, "Get thee up; wherefore liest thou thus upon thy face?

Israel hath sinned, and they have also transgressed my covenant which I commanded them... Up, sanctify the people" (Josh 7:10-13).

God has every right to rouse us from our knees and say, "Why sit around lazily, waiting for a miracle? Have I not commanded you to flee from the very appearance of evil? You are to do more than simply pray against your lust-you are commanded also to run from it. You cannot rest until you have done all that is commanded."

Do not blame God for not listening to your prayers if you are not listening to His call to obedience. You will end up blaspheming God and accusing Him of negligence, while all along you will be the culprit.

YHVH Se Weë Is Nie Ons Weë Nie

Vanaf Gen. 1:1 tot Open. 22:21 het ons die bevestiging dat YHVH elke oomblik in beheer is. So is ons Vader in beheer van ons elkeen se lewe mits ons Hom liefhet en gehoorsaam is aan Sy Torah soos dit in Yeshua Messias vervul is!

Hierdie week se Torahskriflesing is dan ook ‘n herinnering dat YHVH te alle tye en in alle omstandighede in beheer is. Josef het aan die einde van nog twee jaar in die gevangenis dit verstaan en YHVH vertrou dat alles deel is van Sy Raadsplan en dat alle dinge ten goede sal meewerk vir die wat YHVH waarlik liefhet en gehoorsaam is. Josef het ‘n *dit-sal-ten-goede-meewerk-vertroue* in Vader-God ontwikkel.

En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. Rom. 8:28.

Selfs in ons donkerste uur kan ons die belofte van YHVH soos deur die profeet Jeremia aan Israel gebring was, ons eie maak:

want Ék weet watter planne Ek vir julle het,’ verklaar יהוה*, ‘planne vir welvaart en nie van katastrofe nie, om vir julle ’n toekoms en ’n versekerde verwagting te gee,* Jer. 29:11.

Josef se geskiedenis van ‘ballingskap’ in Egipte is bevestiging dat YHVH altyd in beheer is, al lyk dit uit menslike oogpunt nie so nie. Josef se lewe is vir ons ‘n bewys van YHVH se onverdiende guns en dat Sy raadsplan plan nie van stryk gebring sal word deur ons eie tekortkominge of selfs ons omstandighede nie. Die geskiedenis van Josef is ook bevestiging dat YHVH se tydsplan volmaak is en dat ons as mense nie altyd die groter prentjie van YHVH se plan sien of verstaan nie.

Daarom is vertroue in ons Vader se liefdevolle omgee om ook berusting te vind in beproewinge waaroor ons geen beheer het nie! Die belangrikste is om seker te maak dat ons in die wil van ons God en Vader is!

To be "in the will of God" is not a matter of intellectual discernment, but a state of heart. Its motto is: " My Father can do what he likes with me, He may bless me to death, or give me a bitter cup; I delight to do His will – Oswald Chambers.

God doesn't work on our timetable. He has a plan that He will execute perfectly and for the highest, greatest good of all, and for His ultimate glory – Charles R. Swindoll

There are no 'if's' in God's world. And no places that are safer than other places. The center of His will is our only safety - let us pray that we may always know it! – Corrie ten Boom.

For each one of us, there is only one thing necessary: to full fill our own destiny, according to God's will, to be what God wants us to be – Thomas Merton.

Smith Wigglesworth het gesê: *God has a plan beyond anything we have ever known. He has a plan for every individual life, and if we we have any other plan in view, we miss the grandest plan of all*. Die geheim van `n suksesvolle en geseënde lewe is om YHVH se plan vir jou lewe te ontdek en gewillig met Hom mee te werk om Sy plan vir jou lewe in Yeshua uit te voer. Dit is wat Josef gedoen het!

Selfs midde in `n krisis, hartseer of teleurstelling kan ons weet dat ons Vader in beheer is. Ons dilemma is om Hom te vertrou dat Hy `n beter plan het as ons eie wil en as dit wat ons midde in ons krisis kan sien. Vertroue in YHVH is ook `n vaste vertroue dat Hy te alle tye, en in alle situasies, in ons belang sal optree.

YHVH het Josef in Egipte nie verlaat nie, maar het hom beproef en voorberei vir die rol wat hy moes speel in YHVH se Raadsplan om ‘n volk te vestig in wie al die families van die aarde geseën sou word (Gen. 12:3).

Luister hoe die Psalmdigter YHVH se Raadsplan met Josef beskryf:

16 *Meer nog het Hy ’n hongersnood oor die land uitgeroep; die halm van hulle koring verbreek.* **17** *Hy het ’n man voor hulle uit gestuur, Yosef, wat verkoop is as ’n slaaf,* **18** *wie se voete in boeie geknel is, hy is in ysters gelê,* **19** *tot op die tyd dat sy woord uitgekom het, die woord van יהוה het hom getoets.* **20** *Die koning het gestuur, hom bevry en hom ’n heerser oor sy mense gemaak.* **21** *Hy het hom meester oor sy huis gemaak en heerser oor al sy besittings,* **22** *om die administrateurs te dissiplineer volgens sy wil en aan die oudstes wysheid te leer.*
Ps. 105:16 tot 22.

Eers toe Josef se broers by hom in Egipte kom het hy die drome wat hy aangaande hulle gedroom het onthou en verstaan (Gen. 42:9). Daarom het hy tydens hulle tweede besoek aan Egipte YHVH se doel met alles soos volg aan hulle verduidelik:

4 *Yosef sê vir sy broers: “Kom nader na my toe.” Hulle het nader gekom. Hy sê: “Ek is julle broer Yosef vir wie julle na Mitzrayim toe verkoop het.* **5** *Moet egter nie nou spyt wees daaroor nie en laat daar geen kwaad in julle oë wees dat julle my hierheen verkoop het nie, want om lewens te red, het God my voor julle uitgestuur,* **6** *want daar was reeds hierdie twee jaar hongersnood in die land en daar is nog vyf jaar waarin nie geploeg of geoes sal word nie.* **7** *God het my voor julle uitgestuur om julle as ’n oorblyfsel op die aarde te bewaar en om julle in die lewe te hou tot ’n groot verlossing.* **8** *Dit was nou nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God en Hy het my ’n vader vir Farao gemaak, meester oor sy hele huis en ’n heerser in die hele Mitzrayim.* Gen. 45:4 tot 8.

Josef was sewentien jaar oud toe hy as slaaf in Egipte aangekom het en was dertig jaar oud toe hy deur Farao as tweede in bevel van Egipte aangestel was (Gen. 41:46). Maar eers na ‘n verdere sewe jaar – in die tweede jaar van die hongersnood (Gen. 45:6 en 11) – het Josef ten volle verstaan waarom hy die onreg wat hom deur sy broers en Potifar se vrou aangedoen was, deelagtig moes wees. Na meer as dertig jaar van sy lewe het Josef verstaan wat YHVH se doel met hom was! Hy moes vir sowat dertien jaar sy persoonlike seëninge en voorspoed prysgee, sodat hy vir sy broers en die toekomstige geslagte ‘n seën kan wees!

Gevolgtrekking: Dit wat volgens menslike standaard as teenspoed beskou word, was inteendeel YHVH se seën! Daarom het Josef aan sy broers gesê: W*ant om lewens te red, het God my voor julle uitgestuur, om julle as ’n oorblyfsel op die aarde te bewaar en om julle in die lewe te hou tot ’n groot verlossing.*

Voorspoed en Seëninge

Ons almal is geneig om te glo dat gehoorsaamheid aan YHVH se Torah seëninge (voorspoed) bring en dat ongehoorsaamheid YHVH se oordele (teenspoed) tot gevolg het. Dit is veral Deut. 28:1 tot 68 wat dan as ‘bewys’ hiervan gebruik word.

Maar ons moet besef dat hierdie Skrifgedeelte nie noodwendig ‘n waarborg is van materiële oorvloed, gesondheid en vrede nie. Nee, gehoorsaamheid skep slegs die omgewing vir YHVH om ons te seën op ‘n wyse en op ‘n tyd waaroor die Vader alleen besluit! Ons moet verstaan dat YHVH se seëninge is nie uitsluitlik op die materiële dinge gerig nie! Daarom:

If material things are what you talking about when you say “I an Blessed”, you have no idea about blessings – Anonymous.

Dikwels is dit moeilik om tussen YHVH se seëninge, Sy oordele en Sy Raadsplan te onderskei en om dit te verstaan. Die geskiedenis van Josef is ‘n voorbeeld hiervan.

Ons moet YHVH se Torah gehoorsaam ongeag of ons geseën gaan word met voorspoed volgens ons begeertes. Die seën van gehoorsaamheid is gehoorsaamheid! Om gehoorsaam te wees aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua Messias vervul is, is ‘n voorreg! Ons doen dit uit liefde vir die Vader en uit dankbaarheid vir Sy liefdevolle omgee soos deur Yeshua aan ons geskenk is.

Ons moet die vertroue en gemoedsrus hê dat YHVH ons sal seën op ‘n wyse en op ‘n tyd waaroor Hy alleen besluit!

Bepeins of Bespreek

1. Ons moet die fokus van YHVH se seëninge nie op onsself rig nie, maar ook vra of die Vader nie ‘n doel daarmee het wat uiteindelik tot seën vir ander gaan wees nie? Ons eie beproewinge en teenspoed is dikwels ‘n suiweringsproses waar ons onsself beter leer ken (dit ontbloot die hart) en dit is die tyd wat ons verhouding met Vader groei en versterk word. Redding is deur vertroue, maar besnydenis van die hart kom dikwels deur beproewinge. Die sterwe van die eie-ek (selfisme) totdat slegs YHVH Yeshua sigbaar is, is die einddoel vir elkeen! Om beproef (Hebreeus: *tsaraf*) te word beteken gesuiwer, gelouter, veredel. Dit kan vergelyk word met ‘n silwersmid wat in sy smeltkroes al die onsuiwerhede verwyder (wegbrand) totdat hy sy selfbeeld in die gesmelte silwer kan sien! Ps. 66:10... *want U het ons getoets, o God, U het ons gelouter soos ‘n mens silwer louter*. Wanneer ons soos silwer gelouter is, dan is ons ‘n seën vir ander en ‘n instrument in ons Vader se hand!

Bind en Ontbind

In verlede week se notas van ons Torahskriflesing (*Vayeshev*) het ek die vraag gevra: Kan ons Satan en sy demone bind – geestelik vasbind – sodat hulle nie kan steel, doodmaak en vernietig nie, of kan ons hulle net uitdrywe (‘verjaag’)?

Ek het die vraag gevra in die lig van die gewilde hedendaagse lering van voorspoed, waar Satan beskuldig sou word van alles wat Josef oorgekom het. Dit sou waarskynlik geestelike oorlogvoering tot gevolg gehad het waar Satan en sy bose magte ‘gebind’ en alle vloeke ‘afgesny’ sou word en YHVH se seëninge vrygestel sou word! En tog lees ons nie van enige sodanige handeling deur Josef of enige van ons ander aardsvaders nie!

Die vraag is: Hoekom nie? Dit dwing ons om opnuut te besin oor geestelike oorlogvoering!

Baie gebruik Matt. 16:18 en 19, asook Matt. 18:18 as ‘bewys’ dat ons Satan en sy demone kan bind (vasbind), maar is dit wat hierdie teksverse ons leer?

en Ek sê verder vir jou: ‘Jy is Kefa. Op Hierdie Rots sal Ek My vergadering van uitgeroeptes bou en die hekke van Sh’ol sal nie daarteen kan staan nie. Ek sal aan jou die sleutels van die

Koninkryk van die hemel gee en wat jy ook op die aarde mag vasbind, sal vasgebind wees, soos dit in die hemel reeds vasgebind is en wat jy ook op die aarde mag losmaak, sal losgemaak wees soos dit in die hemel reeds losgemaak is'. Matt. 16:18 en 19

*Waarlik Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde vasbind, sal vasgebind wees, soos dit reeds in die hemel is en alles wat julle op die aarde losmaak, sal losgemaak wees, soos dit reeds in die hemel is.*Matt. 18:18.

Dieselfde teksverse word dan ook gebruik om die seëninge in iemand se lewe 'los te maak' (te ontbind).

Ons moet egter hierdie teksvers in konteks lees en dit ook verklaar in die lig van eietydse spreektaal. Volgens Matt. 16:18 is dit duidelik dat Yeshua hier van die Koninkryk van die hemel praat toe hy vir Petrus gesê het: *en op hierdie rots sal ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie*. Hier is dit ook belangrik om daarop te let dat dit na die doderyk (die graf; *sh'ol*) verwys en **nie** na die hel (*hades*) nie soos dikwels verkeerdelik aangehaal word! Hier het Yeshua na die dood verwys wat oorwin is, want die regverdige sal uit die dood opstaan om saam met Yeshua te regeer!

Tweedens moet ons verstaan wat Yeshua bedoel het toe Hy vir Petrus gesê het: *Ek sal aan jou die sleutels van die Koninkryk van die hemel gee*. Dit was in daardie tyd die gebruik om aan iemand wat 'gekwalifiseer' het as 'n kenner van die Tanakh en Torah om hom 'n sleutel te gee wat hom toegang gegee het tot al die geskrifte wat in die tempel in 'n plek van bewaring toegesluit is. Hiermee het hulle sy outoriteit erken om die Skrifte aan ander te leer en te verklaar. So 'n persoon kon dus onderskei wat is volgens die Skrifte reg en verkeerd, wat is rein en onrein en wat is heilig en onheilig. Hy was iemand wat YHVH se woord van waarheid reg kon sny (2 Tim. 2:15).

Hierdie moet ook gesien word in die lig daarvan dat die Levitiese priesters die gesag gehad het om te verklaar of iemand melaats (onrein) is en of hy genees (rein) is (Lev. 13:3 en 23).

Aan Petrus het Yeshua dus die outoriteit (sleutels) gegee om die Koninkryk van die hemel te gaan verkondig (oop te sluit). Dit is om die Koninkryk van die hemel op die aarde te vestig, naamlik dit wat in die hemel is moet net so op die aarde wees. Dit wat in die gemeente **nie** ooreenstem met wat in die hemel is nie, moet hier op aarde gebind word. En dit wat in die gemeente ooreenstem met dit wat in die hemel is, moet hier op aarde losgemaak word.

Petrus het dus ook die gesag gehad om te verklaar wie geestelik melaats (onrein) is en nie met die gemeente mag meng nie. So kon hy ook identifiseer wie geestelik rein is en deel van die gemeente mag wees, naamlik deel van die liggaam van Yeshua!

Dit is dus duidelik dat hierdie teksverse niks met geestelike oorlogvoering te doen het nie, naamlik nie verband hou met die bind van Satan en sy demone en die 'vrystelling' (ontbind) van YHVH se seëninge nie!

Bepeins of Bespreek

1. Indien dit waar is dat Satan en sy demone gebind kan word, moet die vraag gevra word: Hoekom is hulle nie almal al 'buite aksie' gestel nie, veral gesien in die lig van al die miljoene gebede waar Satan en sy demone reeds gebind is??

2. Wat is geestelike oorlogvoering en is dit Skriftuurlik, veral in die lig van die hedendaagse definisie daarvan? Hierdie is 'n onderwerp met uiteenlopende sieninge wat wissel van

oorbeklemtoning van geestelike oorlogvoering tot ontkenning dat ons elkeen in ‘n geestelike stryd betrokke is, soos ondermeer deur Efes. 6:12 bevestig word:

want julle geveg is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die heersers, teen die outoriteite, teen die heersers van hierdie wêreld van duisternis en teen bose geeste onder die hemel.

Daarom moet ons die volle wapenrusting van YHVH aantrek.

Trek daarom, al die wapenrusting van God aan sodat julle in staat sal wees om die bose een te konfronteer en wanneer julle gereed is in alle dinge, sal julle staan. Efes. 6:13.

Is hierdie wapenrusting bedoel vir aanval of verdediging?

Oorbeklemtoning van geestelike oorlogvoering is wanneer daar vergeet word dat Yeshua reeds die oorwinning oor Satan en sy demone behaal het!

Deur Sy liggaam af te lê, het Hy die heersers en outoriteite gestroop en hulle in die openbaar beskaam deur Sy wesenlike self. Kol. 2:15.

Daarom is die vraag of geestelike oorlogvoering ‘n geval is waar ons moet gaan veg om die vyand te oorwin of moet ons slegs in die krag van die Afgesonderde Gees oor die verslane vyand in die Karakter en Outoriteit van Yeshua heers?

Koning Dawid het die vyande rondom sy koninkryk verslaan en hulle aan Israel onderwerp. Dawid het sy koninkryk gevestig en daarna kon Salomo in vrede heers. Salomo het nie nodig gehad om sy koninkryk te vestig nie, maar hy moes wel Israel se grense bewaak en seker maak dat die vyand geen toegang tot enige grondgebied kry nie! Daarvoor het hy steeds ‘n goed opgeleide weermag gehad wat te alle tye paraat was!

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.